21 FEBRUARIE 2021

Gr R tot Gr 3

praktiese wysheid...

Die **reënboog** is ‘n teken!

Genesis 9:8-17

voorbereiding

Neem saam:

- Ringe of BFF krale of hangertjie
- Flits en prisma of glas met water
- Inkleurkyte en papier om reënboog op te teken of verf.

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

gesels **tyd**

Het jy en ‘n maatjie al ooit baklei? Waaroor? En kon julle vrede maak?
Gee aan die kinders geleentheid om te vertel wat gebeur het.

Om te baklei is nie mooi nie. Ons moet eerder probeer om altyd in vrede te lewe en mooi met ons maats en familie en alle mense te wees. En wanneer dit wel gebeur dat dinge dalk nie lekker is tussen mense nie, moet ons jammer sê oor dit wat verkeerd is en dit nie weer doen nie.

Kom ons speel ‘n speletjie:
As die spasie dit toelaat, speel wegkruiperjie. Laat een kind tel tot by 20 en dit gee die res kans om weg te kruip. Besluit vooraf wat die den sal wees vir die een wat homself kom blok en weg kom voor hy gevang word.

Met wegkruipertjie het mens ‘n den. Wanneer jy in die den is, kan niemand jou daar vang nie en kan jy nie uit wees nie. Jy is dan gered en veilig in die speletjie.

Het julle al survivor gekyk op televisie. Dis ‘n speletjie waar mense verskillende uitdagings kry om te doen. Baie van die uitdagings doen hulle as span saam. Hulle gee dan soms vir mekaar tekens of beloftes om mekaar te help. Daadie beloftes maak dat jy weet jou span sal jou altyd bystaan of beskerm. Maar soms verbreek mense daardie beloftes en dan kan die res van die span in groot moeilikheid beland.

gesels **tyd** (vervolg)

Kan julle dink aan nog tekens of beloftes wat mense vir mekaar gee om die ander ene te herinner dat jy altyd daar sal wees vir hom of haar? *Gee geleentheid vir antwoorde of beloftes.*

Ja ‘n man en vrou gee vir mekaar ringe wanneer hulle trou as ‘n teken dat hulle liefde nie einde het nie soos die ring wat rond is ook nie ‘n begin of einde het nie.

Of beste vriende gee soms vir mekaar BFF armbande of hangertjies. Dan is dit baie keer twee helftes van ‘n hartjie. Elkeen het dan een helfte om hulle te herinner dat die ander helfte is by die ander maat en dat hulle altyd daar sal wees vir mekaar.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Liedboek 553 Ek is bly
Ek is bly ek ken vir Jesus
Ek is bly ek is Sy kind
En ek bly my hele lewe
Aan die Here vasgebind
Ek is bly e het ‘n Bybel
Dat ek elke dag kan lees
Kinders van die Here
Het niks om voor bang te wees
Kinders van die Here
Het niks om voor bang te wees.

Liedjie: Dankie
Dankie vir die môre
Vir ‘n nuwe dag
Dankie vir die sonskyn
Wat so lekker lag
Dankie ons kan werk en speel
Ons kan van U leer
Dat U so met liefde sorg
‘n Duisend dankies Heer

BYBEL tyd

Onthou julle nog die verhaal van Noag? Kan julle onthou watter opdrag het God aan Noag gegee.
Gee aan die kinders kans om te vertel van Noag.

God het vir Noag die opdrag gegee om ‘n baie groot boot te bou en 2 van elke dier daarin saam te neem. Die boot was nie sommer net vir plesier nie, maar was die plek waar God vir Noag en sy gesin en die diere beskerm het toe Hy ‘n vloed oor die aarde gestuur het. Die vloed en baie water moes alles wegspeol en laat verdrink, want God was terleurgestel oor die sonde van alles op die aarde. Daarom het Hy oor begin. Amper soos om al die blaaie van die boek uit te skeur waarop geskryf was en weer van voor af begin skryf in die boek.

Maar na die vloed water en baie dae in die ark, het Noag en almal in die ark, weer kon uit klim en het hulle ‘n offer vir God gebring. Toe maak God ‘n belofte. Hy sluit ‘n verbond met Noag en almal by hom. Die verbond was ‘n teken dat Hy nooit weer so baie water oor die aarde sal bring om alles te laat verdrink nie. Die teken wat Hy vir die mens en diere gee is dat daar ‘n reënboog in die wolke sal verskyn. Daardie reënboog sal vir God en mens en dier herinner dat God ‘n belofte maak aan Noag. Kom ons lees daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Gen.9:8-17

Die teken wat God gegee het was die reënboog. Tot vandag toe sien ons ‘n reënboog in die wolke en dit herinner nie net vir ons aan die belofte en verbond wat God met Noag gesluit het nie, maar dit herinner ook vir God aan die belofte en verbond.

God het ook besef dat die mens nooit genoeg offers sal kan bring of homself kan red nie, want ons sonde keer ons om voluit vir God lief te wees. Daarom het God uit liefde vir Jesus aarde toe gestuur om in ons plek te kom doodgaan, om te keer dat alles weer moet verspoel. Maar God gee Sy Seun om in ons plek dood te gaan vir die sonde sodat ons vry kan wees om vir Hom lief te wees.

Die Kruis herinner ons dat Jesus in ons plek dood gegaan het, en ‘n reënboog herinner ons ook aan God se groot liefde vir ons en dat Hy ons nie sal wegspoel nie, maar Hy gaan kom op die wolke om ons te kom haal om vir ewig by Hom te wees.

doen & leer tyd

<u>‘n Reënboog is ‘n teken...</u>

Skyn met ‘n flits vir die kinders deur ‘n prisma of glas water sodat hulle die reënboog kan sien.

Wanneer ons ‘n reënboog sien, herinner dit ons aan God se verbond dat Hy nooit weet vloedwater sal stuur om alles weg te spoel nie, maar dit herinner ons ook om nie sonde te doen nie. Ons moet elke dag gereed lewe vir wanneer Jesus ons gaan kom haal.

Teken ‘n reënboog en plak dit in jou kamer op om jou te herinner om nie sonde te doen nie, maar ook om jou te herinner dat God lief is vir jou en omgee vir jou.

groet tyd

Dankie Jesus dat U nie U beloftes breek nie en dat U verbond altyd bestaan.
Amen



Teken ‘n reënboog wat jou sal herinner aan God se verbond met Noag.